# Die Byekorf



2017/02/15 Standerton Akademie

06/17

Geagte ouers

**J-9 dag**

Dankie aan al die kinders vir die moeite met die herdenking van Joost van der Westhuizen se dag. Ouers, hierdie is ook 'n vorm van onderrig aan ons leerlinge om respek te toon aan een van ons land se groot rugbyhelde.



**Omgeedag 14 Februarie 2017**

Dankie ouers vir die moeite met al die geskenkies vir hierdie dag. Dankie juffrou Sumaré vir die oulike skattejag wat die kinders kon doen. Dankie juffrou Zelda en juffrou Marista vir die lekker bederf met die sjokoladefontein. Hierdie dag was weereens 'n groot sukses.



Wat 'n lekker dag om geskenke uit te deel EN te ontvang!



Lianné en Bismarck kan nie wag vir hulle marshmellow en sjokolade.



Leila en Alexis geniet die sjokoladefontein.



Vicky besig om die leerlinge te vertel van Rooikappie en die wolf.




Die spanne maak gereed vir die skattejag om die pryse te ontvang.

**Baie belangrike datum 3 Maart 2017**

Ouers, u word weereens herinner na aanleiding van ons gesprek by die skool tydens die ken-mekaar-aand. Alle ouers wat enige insette of klagtes tot hulp van die skool wil bydrae moet asseblief hierdie briewe nie later as 3 Maart 2017 by die voorstelle en oplossingshouer in die kantoor kom plaas. Hierdie briewe sal dan deur die dagbestuur van die skool hanteer word en na die onderskeie portefeuljes gekanaliseer word. Alle ouers word dan uitgenooi om op 8 Maart 2017 by die onderskeie portefeuljes waar u ingedeel is aan te meld om 18:00 waartydens hierdie sake gehanteer sal word. Die onderskeie voorsitters sal dan hierdie sake opneem met ons volgende beheerraadsvergadering waarna u volledige inligting sal ontvang rondom die besluite wat geneem is.

**Oos-Transvaal Atltetiek**

Sterkte aan al ons atlete wat eerskomende Saterdag deelneem aan die atletiekbyeenkoms te HTS Middelburg. Ons glo en vertrou dat dit baie goed met julle sal gaan. Atlete moet aanmeld om 07:30 by juffrou Alisia Prinsloo.




**D6 – Communicator (Kommunikeerder)**

Ouers u sal eersdaags inligting ontvang oor die communicatorstelsel wat by die skool ge-implementeer word. U gaan binnekort op u foon inligting ontvang om die applikasie op u foon of rekenaar af te laai. (Hou hierdie spasie dop).

**Webtuiste en Communicator**

Standerton Akademie gaan eersdaags inligting en foto's vertroulik aan die skool se gemeenskap bekendstel. Daar gaan egter ook foto's van ons skool se leerlinge op 'n webblad verskyn asook toekomstige foto's in die plaaslike koerante. Ouers u moet asseblief die afskeurstrokie voltooi en terug stuur na die skool wat ons toestemming gee om hierdie foto's op sosiale media te versprei.

**Majuba – Ds. Jordaan**

Baie dankie aan ds. Jordaan vir die insiggewende les wat aangebied is vir al ons Graad 1 – 7 leerlinge rondom die geskiedenis van Majuba. Ouers neem ook kennis dat u steeds welkom is om die verrigtinge oor die naweek van 24 – 26 Februarie 2017 te Majuba by te woon. U het reeds die program vir die naweek ontvang, maar onthou dat u ook as dagbesoeker die dag kan bywoon. Vir verdere inligting kontak asseblief Tinus de Jager of Salomé van der Merwe.



**Vic en Duan volg ds. Jordaan se lesing oor die slag van Majuba.**

**Verjaarsdae**

Baie geluk aan al ons leerlinge, ouers en onderwysers wat vanaf 15 Febuarie tot 21 Februarie verjaar. Mag die Here u seën.

| Leerlinge | Ouers en Onderwysers |
|---|---|
| 16 Febuarie : Lean Geldenhuys | 19 Februarie : Justin Norman |
| 16 Februarie : Reinier Janse van Rensburg | 19 Februarie : Wiekus de Bruyn |
| 18 Februarie : Carel Els | |
| 19 Februarie : Ruan van Deventer | |

**Belangrike datums**

| | |
|---|---|
| 18 Februarie | Oos-Transvaal Atletiek te HTS Middelburg |
| 20 Februarie | Vleispotkompetisie begin |
| 24, 25 en 26 Februarie | Majuba naweek |
| 3 Maart | Sluiting van voorstelle en oplossingsbriewe |
| 8 Maart | Oueraand (by die onderskeie portefeuljes) |
| 13 Maart | OR Vergadering |
| 13 – 17 Maart | Temaweek vir leerlinge |
| 13 – 17 Maart | Redenaarstoesprake in onderskeie klasse |
| 16 Maart | Intersaalslaap |
| 20 en 21 Maart | Geen skool |
| 24 Maart | Koekverkoping (3 jariges, graad 1 en graad 7) |
| 24 – 25 Maart | Diskonto Boeke |
| 31 Maart | Skool sluit |
| 31 Maart en 1 April | SA Atletiek te Sasolburg |
| 18 April | Skool heropen |

GROETE
S. Swanepoel

**Hiermee gee ek ________________________________________________________ ouer van**

**____________________________________________________________________________________**

**toestemming dat my kind (-ers) se foto's op sosiale media mag verskyn.**

**___________________________________**

**Handtekening ouer**